Agter die nuus

Kundigheid-eksodus lei tot munisipale plae

Sake-siening
Stef Coetzee

Die huidige plaaslike owerheidskrisis in Suid-Afrika het die potensiaal om die land se ernstigste krisis sedert 1994 te word.

Dit lyk asof die land by sy some lostorring, soortgelyk aan die xenofobiese krisis van verlede jaar.

Om alles te kroon is die krisis met dienslewering op plaaslike vlak verlede week vererger deur die staking van munisipale werknemers wat tot plundering en rommelstrooiing gelei het.

Die krisis op plaaslike owerheidsvlak verdiep ongetwyfeld en kan moontlik ernstige implikasies vir Suid-Afrika inhou: polities, ekonomies en maatskaplik.

Polities is daar toenemende konflikpotensiaal wat samewerking in die toekoms baie kan bemoeilik.

Suid-Afrika se jong demokrasie is onder druk as gevolg van die opstande. Die uitdaging is om van die politiek van konflik tot die politiek van kreatiewe spanning en daadwerklike aksie te beweeg.

Vir die ekonomie hou die huidige krisis ook nie goeie dinge in nie. Daar is die gevaar dat die beelde, wat ook deur die internasionale media gedra word, Suid-Afrika se kredietgradering kan raak.

Suid-Afrika se vrugte-uitvoer kan geraak word as besoedelde water vir besproeiing gebruik word en EU-sertifisering kan moontlik in die gedrang kom.

Maatskaplike toestande in die dorpe en stede van Suid-Afrika het verswak as gevolg van swak dienslewering. Waterkrisisse in sekere dorpe, rioolwater wat in die strate en in riviere loop en kragonderbrekings het tot 'n punt gelei wat die burgerlike gemeenskap laat sê het: "Genoeg is genoeg." Besoedelde water is 'n ernstige gevaar vir menslike gesondheid soos daar in ons buurland Zimbabwe en plek-plek in Suid-Afrika ervaar is.

Die probleem is dat daar ná 1994 'n groot eksodus van kundige personeel uit plaaslike owerhede ervaar is en die poste is nie altyd met kundige mense gevul nie. Persone wat op plaaslike vlak hulp aangebied het, is dikwels geignoreer of het gevind dat hulle nie in die "kultuur" kon funksioneer nie. Aan die ander kant was sommige mense egter nie voorbereid daarop om binne die nuwe kultuur te werk nie.

Die krisis waarmee ons nou te doen het, is endemies en sistemies van aard. Dit sluit onder meer die volgende kwessies in: verpolitisering van die plaaslike owerhede, swak owerheidsbeheer en toesighouding, die afwesigheid van toerekenbaarheid, swak beplanning, swak bestuur, gebrekkige kommunikasie, tekorte aan tegnies-opgeleide mense, 'n gebrek aan instandhouding van infrastruktuur en die verval van menslike hulpbronfunksie om maar enkeles te noem. Boonop is daar in baie dorpe nie samewerking tussen die private sektor en die munisipaliteite nie en het mense hulle begin onttrek aan die burgerlike samelewing.

Die reaksie op die krisis is uiteenlopend: in 'n groeiende getal dorpe is belasting weerhou, belastingbetalersverenigings is gestig en inwoners het begin om sommige van die dienste self te lewer.

Die probleem daarmee is dat die model moeilik volhoubaar is as dit kom by die vervanging van kapitaalintensiewe infrastruktuur.

'n Syfer van R558 miljard is al genoem om infrastruktuurvervangings in Suid-Afrika op plaaslike vlak te doen.

Die tweede reaksiepatroon is stakings en opstande in die townships waarna hierbo verwys is.

Met dié benadering word politieke druk op die minister van koöperatiewe regering en tradisionele sake, sy departement en die regering geplaas.

Dit is die tipiese patroon waaraan ons in die afgelope 15 jaar gewoond geraak het. Die nadeel hiervan is moontlik dat sekere dorpe nou voor in die ry beland en dat ander wat dalk groter probleme het eers moet oorstaan of dieselfde roete van opstande moet volg.

Een ding is egter seker, nou is die probleem behoorlik onder die aandag van die regering gebring.

'n Derde weg is dié van samewerking en vennootskap tussen die regering op nasionale vlak, die provinsies, die munisipaliteite en die private sektor. Die Afrikaanse Handelsinstituut is een van die vennote wat reeds tot so 'n samewerkingsmodel toegetree het.

Dit is duidelik dat 'n groot ingryping of draaistrategie nodig is om dinge op 'n ander weg te stuur. Hierdie is egter 'n "groot olifant" in ons sitkamer wat nie oornag verwyder kan word nie. Dit sal ook nie alleen deur een rolspeler opgelos kan word nie.

Op lang termyn is daar net een model: dit is die model van vennootskap en samewerking tussen alle rolspelers. Sonder die owerheid (op alle vlakke) kan ons dit nie doen nie.

> “Op lang termyn is daar net een model: dit is die model van vennootskap en samewerking tussen alle rolspelers. Sonder die owerheid (op alle vlakke) kan ons dit nie doen nie. Aan die ander kant kan die owerheid dit nie doen sonder die burgerlike gemeenskap en verál die private sektor nie.

Aan die ander kant kan die owerheid dit nie doen sonder die burgerlike gemeenskap en verál die private sektor nie.

Hoe wikkel ons onsself gaandeweg uit hierdie dilemma?

■ By 'n beduidende aantal plaaslike owerhede sal die regering nie 'n ander keuse hê as om bestuurders "van buite" aan te stel om 'n omdraaistrategie in werking te stel nie.

■ Vestig 'n kultuur van toerekenbaarheid teenoor skoon oudits en die bestuur van prestasie-evaluerings – dit kan 'n groot rol speel om doeltreffende bestuur van sleutelfunksies aan te moedig.

■ Bestuur 'n proses waarbinne die burgerlike gemeenskap betrek word in besluitneming in belanghebbersforums en dialoog tussen die private en die openbare sektor waardeur samewerking deurlopend bevorder word ten spyte van politieke verskille;

■ Doen opleiding van personeel deur middel van gerigte kort kursusse om in die belangrikste korttermyn-opleidingsbehoeftes te voorsien met behulp van skole van openbare bestuur en bestuurskole;

■ Stel meer kundigheid in die vorm van afgetrede persone en ander persone beskikbaar deur die Siyenza Manje Projek, die AHI, Solidariteit en Gryskrag om skaars vaardighede te mobiliseer vir beplannings-, finansiële en tegniese doeleindes;

■ Mobiliseer kundigheid uit die private sektor;

■ Doen opleiding op lang termyn om deur middel van behoorlike keuringsprosedures 'n professionele kader van plaaslike owerheidsamptenare te vestig;

■ Pak die water- en sanitasiestelsel eerste om 'n gesondheidskrisis af te weer. Sommige van die stelsels het net herstelwerk nodig terwyl ander vervang moet word. Die instandhouding van die stelsels is egter net so belangrik soos die herstel daarvan; en

■ Bevorder volhoubare en gemeenskapsgedrewe vorme van plaaslike ekonomiese ontwikkeling om entrepreneursgeleenthede te ontgin en armoede te bestry.

■ *Prof. Coetzee is uitvoerende direkteur van die AHI, buitengewone professor aan die Universiteit van Stellenbosch en oudrektor van die Universiteit van die Vrystaat.*